**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening No.: SR49/2004

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>TSHOKOLO KGELEMETHE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **BECKLEY, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **8 APRIL 2004**

---

Die beskuldigde het tereggestaan in die Landdroshof op ‘n aanklag van diefstal. Nadat hy skuldig bevind is, het die Staat gepoog om vorige veroordelings te bewys, maar was die beskuldigde nie bereid om sy vorige veroordelings te erken nie. As gevolg van die weiering van die beskuldigde, is die saak uitgestel ten einde die Staat die geleentheid te bied om sy vorige veroordelings te bewys.

Op die datum waartoe die saak uitgestel is, is die saak verwys na die Streekhof vir vonnisoplegging sonder dat daar gehandel is met die vorige veroordelings. Hierdie Hof word nou versoek om die aangeleentheid reg te stel. Die aangewese manier waarop dit reggestel kan word, is dat die verwysing na die Streekhof tersyde gestel word en dat daar gelas word dat die saak terugverwys word na die Distrikshof sodat die vorige veroordelings bewys kan word.

Bygevolg word die saak na die Distrikshof terugverwys sodat die beskuldigde se vorige veroordelings, indien enige, bewys kan word. Daarna kan die verrigtinge voortgesit word in die Landdroshof of, indien nodig, kan dit verwys word na die Streekhof vir vonnisoplegging.

**A.P. BECKLEY, R**

/scd